

30 Junie

Skrifgedeelte: Amos 1:1-2:16

Fokusgedeelte: Amos 2:6-16

God oordeel sy kerk

Teen die agtste eeu vC het dit oënskynlik goed met die noordelike ryk Israel gegaan. Mense het in weelde geleef en was voortdurend besig met godsdienstige aktiwiteite. Ten spyte daarvan word Israel saam met die ongelowige buurvolke geoordeel.

Op die oog af mag dit vreemd lyk dat God sy eie volk oordeel. Hy het oor eeue heen dan reeds soveel vir Israel gedoen. Hy het hulle verlos uit die Egiptiese slawerny, Hy het hulle veertig jaar lank met groot geduld deur die woestyn gelei, Kanaän aan hulle gegee en sy wil aan hulle bekend gemaak deur sy profete.

Die rede vir sy oordeel was dat Israel nie dankbaar en gehoorsaam teenoor God was nie. Die regspraak was korrup, omkoperij het gedy, arm mense is vertrap en uitgebuit, gruwelike losbandigheid het plaasgevind, tempelonthelwing en verdrukking van diegene wat nog aan God gehoorsaam wou wees, was aan die orde van die dag. Onder die vernislagie van oënskynlike ekonomiese en godsdienstige voorspoed was Israel verrot.

God het ons deur sy Seun van die duiwel se slawemag verlos sodat ons as dankbare verlostes tot sy eer kan leef. Dit moet ook deurwerk in al ons verhoudinge: ons verhouding met God, met ons huweliksmaats, die armes en hulle wat van ons afhanklik is. God se oordeel kom nie alleen oor heidene nie, maar ook oor die gedooptes in sy kerk wat sy verbond minag.

Sing: Psalm 68:1,2

Ds EJ de Beer (Laeveld)